Die Kerk en die Bruid – deur P.K. Odendaal Mei 2003

As mens van die kerk en die bruid praat, sal baie mense dink mens praat van die dieselfde ding en ander mense sal weer dink daar is nie so iets soos 'n bruid (in geestelike terme) nie. Die skrif dui egter daarop dat daar wel 'n bruid is en dat dit heeltemal verskiillend en apart van die 'n kerk staan.

In Openbaring 14 vanaf vers 1 is die beeld van die bruid in die hemel :

En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd-vier-en-veertigduisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe.

En ek het 'n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van siterspelers wat speel op hulle siters.

En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderdvier-en-veertigduisend wat van die aarde vrygekoop is.

Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam.

In Rom 8:23 praat die skrif van die eerstelinge van die gees - wat die bruid beteken. Daar is baie ander skrifte maar hierdie getuienis is nie die plek daarvoor nie. In Rom. 8:14 staan .. almal wat deur die gees van God gelei word, die is die kinders van God.

Ons sien dat die belofte nie aan die kerk gemaak is nie, maar aan die wat deur die HG gelei word.

Met die woord kerk word bedoel die menslike struktuur van die gemeente wat ook insluit die kerkgebou, maar veel eerder beteken dit kerklike regering en die fisiese vorm van die gemeente van Christus. Oor die jare heen het mense hulle die reg toegeien om namens die Here sy gemeente te regeer en mettertyd het menselike wette, instettinge, oorlewering en verordeninge die kerk begin oorheers. Die kerk het selfs sover gegaan om mense dood te maak, te martel en te brand wat in stryd met die menslike leerstellinge van die kerk was. Dink maar aan die Roomse kerk, die inkwisisies en aan die vervolging van die kinders van God deur die Joodse kerk (deur Paulus en teen Paulus na sy bekering) en veel later in die tydperk van die hervorming vanaf die jaar 1517.

Die bybel praat van hierdie kerk en die fisiese manifestasie van die gemeente van Christus as die vrou en dit is hierdie vrou waarmee mens jou nie mag besoedel nie. 'n Mens mag nie deelneem aan die regering en verdrukking van die kinders van God deur menslike opinies en verordeninge nie.

Spaanse Inkwisisie - Torquemada het 2000 mense gebrand en 25 000 in die tronk gesit nadat hy hulle gemartel het.

Antichris - beteken in die plek van Christus

As mens na Efes 2:15 kyk, sien mens dat daar vyandskap tussen God en die mens was, en dat die Here Jesus hierdie muur van vyandskap afgebreek het in die vlees … *Want Hy is ons vrede, …* In meer as een opsig het die kerk weer die vyandskap tussen die mens en God opgebou deur hulle *eie wet van gebooie wat in insettinge bestaan.*

Dit was met die Here Jesus se kruisiging en nou nog die doel van God om die skeiding tot niet te maak. Trouens, selfs van die vroegste dae van die bybel af was dit God se verlange om sonder wette in die gees met die mens te ontmoet.

- Ons dink daaraan hoe Hy saans met Adam en Eva kom gesels het. Hy het telkens, as Hy gesien het dat mense gebonde geword het aan omstandighede, hulle daaruit gelei en ons as sy getuies kan getuig hoe Hy dit vandag nog doen.
- In die eerste plek sien ons Hy lei Abraham uit sy familie uit om alleen met hom besig te raak.
- Toe die Here Abraham in die woestyn in sy tent besoek, om oor Lot en Sodom te praat het Hy Abraham uit sy tent uit gelei en hom die sterre gewys.
- Toe die wette van die Egiptenare vir die Israeliete teveel geword het, het die Here hulle uit Egipteland gelei.
- Met die eerste bekeerdes en vir die dissipels het die Here gesê : gaan heen/uit en verkondig - (uit julle kerk uit .. my woorde).

Die implikasies hiervan is ernstig vir ons elkeen.

- In die eerste plek mag ons, wat die bruid is, nie in die vlees wandel nie.
- Ons mag nie dinge doen as gemeente op die gesag van iemand wat in die vlees wandel nie.
- Ons mag nie raad en advies aan ander dierbares gee as ons nie die Here daaroor geraadpleeg het nie.
- Ons mag nie iemand tugtig as hy optree in stryd met die kerk oorlewering of insettinge alvorens ons die Here daaroor graadpleeg het nie.
- Ons mag nie soos die fariseers maak, soos die skrif sê .. Want hulle bind pakke saam wat swaar en moeilik is om te dra, en sit dit op die skouers van die mense, maar self wil hulle dit nie met hulle vinger verroer nie. En hulle doen al hul werke om deur die mense gesien te word, en hulle maak hul gedenkseëls breed en die some van hul klere groot. En hulle hou van die voorste plekke by die maaltye en die voorste banke in die sinagoges.

Visit www.whatafriend.co.za for more information. These articles are given freely to everybody. You may use this material freely in your home, or church. You may also reproduce for non-commercial purposes, provided that you include copyright and contact information. All other uses, or selling is illegal.